# Die WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL VI. 8 JUNIE 1951. No. 5


# . . . . STUDENTEGEES--- ONS VERLOOR PERSPEKTIEF

## S.R.-Voorsitter Doen Verklaring

**Van allerlei oningewelde kante word soms die klag ingebring wat dat ons studentelewe oorlaai is. Inderdaad is ons studentelewe vol, en wil ons dit ryk en vol hou. Ten eerste is die deelname aan en die beweging in die studentelewe seker een van die grootste opvoedkundige bates wat 'n universiteit bied. Ten tweede wil ons nie 'n half-vol studentelewe hê nie en derdens weerspieël die studentelewe, en veral die organisatoriese verenigings 'n bepaalde diensmotief onder ons studente, aldus die S.R.-Voorsitter.**

Na „Die Wapad" verneem, voel die Voorsitter van die Studenteraad erg verontrus oor die feit dat veral senior-studente so swak verteenwoordig was by die Konsentrasiekampkerkhof-skoffel wat die A.S.B. op 31 Mei gereël het.

### Ou P.U.K.-Gees Verbrokkel.

**Dit is te betreur, aldus die Voorsitter, dat daar tekens van verbrokkeling en selfsug onder ons geledere sigbaar word. Die ou P.U.K.-gees was gekenmerk deur die magtige eenheidsoptrede van 'n klein groepie — dames en mans, almal ten volle in 'n aangename selflose aksie ingegooi.**

Met die afgelope Kerkhof-skoffel van die A.S.B. op 31 Mei het dit openbaar geword dat ons ook begin dink: „daar is genoeg ander, ek het iets anders te doen!"

### Min Seniorstudente.

Van ons senior damesstudente, aldus die verklaring, was niemand teenwoordig nie. Ook die mansseniors was uiters swak verteenwoordig. Daar was nie eers drie derdejaars nie, en maar 'n paar ander.

### Perspektief Verloor.

**Ons roep maklik om „studentegees," „gees op die universiteit," „entoesiasme op sportgebied"—maar ons dreig om perspektief te verloor! As geesdrif gemeet moet word net aan die aanmoediging vir ander om iets te doen, word dit voorwaar betreurenswaardig.**

Elkeen op die Afrikaanse erf behoort dit sy eer en plig te beskou om op 31 Mei met vuur en geesdrif uit te trek om as 'n studentegeheel die grafte van hulle in orde te hou—hulle wat die ouers van ons volk vandag moes wees, as 'n te vroeë marteldood hulle nie aan oons ontruk het nie!

Laat ons daarteen waak dat 'n ou studiewerkie, 'n halfuurslapie of 'n bietjie koerantlees vir ons meer werd sal wees as die opoffering van duisende wat hulle lewens gegee het om ons vandag nog trots as Afrikaners die hoof laat optel!



FIRES

## Intervarsity teen Maties

### Botsing tussen Eerste Voetbalspanne

**Na verneem word sal op die 27e Junie 'n botsing tussen die eerste voetbalspan van die Stellenbossche Universiteit, en Theos, hier op Olënpark plaasvind.**

Hoewel nie intervarsity in die die ware sin van die woord nie, sal daar op 27 Junie tog 'n interuniversitêre rugbywedstryd in Potchefstroom plaasvind, wanneer die Mateis se eerstespan op hulle toer na die Noorde hier aandoen.

Al is dit die sluitingsdatum van die eerste semester vir die P.U., lei dit geen twyfel dat die Pukke daardie besienenswaardige wedstryd sal bywoon in groot getalle nie. Daar word vooruitgesien na 'n spannende wedstryd.

### Nie „Intervarsity" nie.

**In die jongste uitgawe van „Dagbreek en Sondagnuus" word berig dat P.U. die „Intervarsity-byeenkoms" teen Onderwyserskollege verloor het. Sien dit maar oor, Pukke, die gesing van die opgewonde Normalers kon mens onder dié wanindruk plaas, hoewel „Internorsity" dan 'n beter naam sou wees, vir wat 'n gewone liga-wedstryd was.**

### Sing-Songs.

**Die Voorsitter van die A.B.K.K., en die dirigente, het kwaai klagtes gelug dat die sing-songs so swak bygewoon word. Dit is oor 'n paar weke intervarsity, en die swak opkoms by sing-songs is maar 'n swak voorteken vir wat kom.**

**Daar word 'n beroep op al die Pukke gedoen om te kom liedjies oefen—dis eenvoudig noodsaaklik dat ons op Pretoria goed sal vertoon op die pawiljoen, veral nou dat die eerste voetbalspan verswak is.**

## Veteraan Buite Aksie

### Roemryke Loopbaan Gou Beëindig

**Op Saterdag 2 Junie het 'n ramp nie net vir Theos nie, maar die voetbalwêreld getref, deurdat Fires van Vuuren, die veteraan-senter van die Puk en Wes-Transvaal sy knie sodanig beseer het dat hy waarskynlik nooit weer die voetbaltrui sal dra nie.**

Die kniebesering is van so 'n ernstige aard dat Fires na alle waarskynlikheid sy voetballoopbaan nou sal moet beëindig. Dit sal werklik 'n jammerte wees want behalwe dat Theos sy slaankrag nou in 'n minder gunstige posisie het, was dit in voetbalkringe sterk gefluister dat Fires die groen-en-goud trui aanstaande jaar sal dra.

### Aanvaar dit maar.

Op 'n vraag het Fires verklaar dat hy die gebeurtenis maar so aanvaar sonder verbittering. Hy het na 'n paar Wes-Transvaalkouse gewys en gesê: „Daar lê my oudste se kouse, dit moet sy oefenkousies wees!"


Ondersteun 'n Oud-P.U.Kaner

**J. P. V.D. WALT,**
L.F.V.

KERKSTRAAT 111
(Langs Ackermans)

Foon 929,
POTCHEFSTROOM.

Ek voorsien ALLES wat van 'n Apteek verlang word.



**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
en
KOLONIALE
WYNSOORTE
en
SPIRITUALIEË


## P.U.-Dames Klop Normaliete

### Korfbal- en Hokkiespanne Seëvier

**Die Korfbal- en Dames-Hokkiespanne van die P.U. het verlede week in die eerste liga soos ware kampioene gespeel, asgevolg waarvan die spanne van die Opleidingskollege lelik op die neus gekyk het.**

Die eerste Korfbalspan het onlangs teen Normaal te staangekom in 'n wedstryd om die Unieskild. Tenspyte van die gedugtheid van die Normaliete, en die aanvanklike sukses wat hulle behaal het, was die Universiteitspan tog in staat om die agterstand in te haal en met 'n pragtige wentelling van die veld te stap.

Die P.U.-span het 'n goeie kans om sommer baie ver in te dring na die Unie-skild finaal-toe, dis te sê as hulle die skild nie huistoe bring nie!

### Hokkiespan Verras.

**In 'n liga-wedstryd tussen Normaal en P.U. het die Pukke se dames in 'n spannende wedstryd met 'n verrassende eindpoging voor die dag gekom om te wen met twee punte teen een.**

Die Pukke het swaar gelewe gedurende die eerste helfte van die wedstryd, en die telling was teen rustyd dan ook 1—0 teen hulle, maar binne 'n paar minute na die aanvang van die tweede helfte het hulle eerste doel in die hok geklap. Die Pukke, wat nou met mening begin speel het, het die botoon vir die res van die wedstryd gevoer, en het daarin geslaag om die wendoel aan te teken.

Toe die eindfluitjie blaas was die P.U.-span nog steeds die baas en het hulle 'n taai wedstryd suksesvol beëindig.

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 127

Mans-Volle Uitrusters

Ons waardeer u besoeke aan ons. Ons bestudeer u benodigdhede. Ons spesialiseer alleen in deeglike goedere wat bevrediging waarborg! Ons is spsialiteite alleen in die

BESTE GEHALTE MANSDRAG.

---

Potchefstroom se mees moderne Dames-Klerewinkel

Die jongste versameling van **Dames-rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodigdhede, ens.**

BY

**LA VOGUE**

(J. M. TAYLOR)

Posbus 221. Foon 440.

---

Drink en Geniet

**S & S**

Super Dilla

en

Super Orange

**Sherr & Shakinovsky**

AUTO LAAN

Foon 16


(Vervolg van vorige kolom).
(Vervolg van bls. 1, kol. 5).


DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE DAMESSKOENE vanaf 29/6

**EDWORKS**

(1936) Beperk.

Kerkstraat, Potchefstroom

DURENDE GEMAK.

---

ELKE DAG VARS!

**TURKSTRA SE BAKKERY**

BROOD en alle KOEKSOORTE

Raadpleeg ons vir

BRUIDSKOEKE

---

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

Elektriese Benodigdhede

Draadlose, Koelkaste.

Kerkstraat 65, POTCHEFSTROOM.

---

**LUCILLE** DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.

Kerkstraat 146, POTCHEFSTROOM.


# Eerstejaarswysheid maak betrokke Instansies Moedeloos

## S.R. Lede in Verwarring

**Uit S.R.-geledere word berig dat groot verwarring onder die lede heers oor die portefeuljes wat hulle moet beklee, want volgens die ontwoorde van die eerstejaars in die brosjure-eksamen moet sommige gladnie daar wees nie en die voorsitter sekretaris en omgekeerd.**

J. Ligthelm, hoofinvigelator het met 'n dramatiese uitroep aan die verslaggewer van „Wapad" verklaar: „Ons is byna klaar! (en hiermee bedoel hy letterlik en figuurlik). Ons is moedeloos want ons het gedink dat, volgens die eerstejaarswysheid, ons 'n nuwe boekie moes opstel." Daar word verwag dat die uitslae binne twee weke bekend sal wees.

**Om die verwarring met voorbeelde te bewys het Mnr. Ligthelm ons goedgunstiglik toegelaat om 'n paar wysheidsbrokkies te publiseer: :**

1. Die Dagbestuur van die S.R. bestaan uit die redaksie van die „Wapad."

2. Die Voorsitter en Ondervoorsitter van die S.R. word gekies deur die ou S.R.-voorsitter wat 'n dubbeltal stel en daaruit kies hy een.

3. Die Dagbestuur bestaan om klagtes teen die S.R. te verhoor en dan saam met die redaksie van „Die Wapad" dit te publiseer.

4. Die Calvinis het dieselfde uitgangspunt as die evolusionis.

5. 'n Student moet nie slegte dinge aanvang wanneer hy 'n kleurbaadjie aan het nie, want hy moet onthou dat die P.U. vir C.H.O. se eer op die spel is.

6. Die gebruik van P.U.-kleure is bedoel vir seremoniële byeenkoms en in eerbare geselskap en omgang met 'n eerbare houding (Mag 'n mens dan met jou kleurbaadjie „spyker?"—Opmerking van een ou heer).

7. 'n Gewetensklousule is dat die Universiteit nie die evolusieleer aanneem nie en hulle leërstellings moet Calvinisties wees.

8. Onder die gesag van die S.R. verstaan ons die manier waarop hulle leiding handhaaf in tye van noodwendigheid.

# KULTURELE EREKLEURE

Verneem word dat die S.R. finaal besluit het op die toekenning van kulturele erekleure ná bevinding van 'n kommissie van ondersoek, bestaande uit mnr. A. S. Smit (convenor), V. E. d'Assonville, J. Ligthelm, mej. L. v. Rooy en mnr. C. J. Malan. Daar heers egter nog 'n sekere mate van onsekerheid oor die reëls vir toekenning. Dit sal 'n gewone erekleurebaadjie wees met aanduiding van prestasie op kulturele gebied deur die moontlike woord: verenigingslewe, aldus mnr. Smit. Hierdie erekleure sal waarskynlik aan die einde van die jaar al toegeken word en heel moontlik sal dit van terugwerkende aard wees om leidende figure van 1950 in te sluit.

# NOG 'N TELEFOON.

Bekommerde ou here het glo begin agiteer vir 'n tweede telefoon. Reeds aangevoer is dat die touery voor die foonhokkie hulle van 'n in-die-vooruitsig-gestelde afspraak met hulle beminde of aspirant-beminde beroof. Die S.R. betuig volle simpatie met hierdie penarie—soos verneem word—en sal dadelik aansoek doen. Ook sal aansoek gedoen word vir 6d.- en 1/-bussies om die langafstand-slepers tegemoet te kom.

# PLATE-AAND GENIET AFTREK.

**Vir die afgelope twee Sondagaande is daar in die Hoofgebou-saal om 8.30 nm. deur Mnre. K. Bosman en H. van Eetveld plate-programme aangebied, wat soos die drukke bywoning getuig, reeds inslag gevind het.**

Die programme wat aangebied word bestaan hoofsaaklik uit populêre melodieë, beide vokale en instrumentale nommers, vandaar die gewildheid daarvan. Daar lei geen twyfel aan dat hiermee 'n groot behoefte voldoen word nie.

Die radiogram wat gebruik word, word goedgunstiglik deur Excelsior-meubels geleen, en die plate word oral by plate-versamelaars geleen.

Na verneem word is die plan om gereeld so 'n plateprogram op Sondagaande aan te bied.

# Nie Ongelooflik nie, maar Feite.

## *Katastrofe Lot van Aarde.*

**Teen die einde van verlede jaar het daar 'n boek verskyn met die titel „Worlds in Collision", geskryf deur Dr. Immanuel Velikovsky. Meeste van ons het van die boek en die opspraak wat dit veroorsaak het, gehoor, maar of die inhoud daarvan ewe bekend is, is te betwyfel.**

**Op versoek word hier probeer om 'n paar van die gedagtes, uitgespreek deur Dr. Velikovsky, kortliks weer te gee. Die boek verdien ons aandag, omdat daarin moontlike verklarings gebied word vir baie van die wonders waarvan ons in die Ou Testament lees.**

Die hele Skepping is een groot wonder, maar ons is nie so bewus daarvan as van die wonders wat plaasgevind het tydens die uittog uit Egipte en die omswerwinge van die Israeliete in die woestyn nie. Toe die Amoriete voor Josua uit gevlug het, het daar groot haelstene op hulle geval en meer gedood as wat op die slagveld gesneuwel het. By dieselfde geleentheid het die son ook stilgestaan vir omtrent 'n volle dag, terwyl Josua en sy manne hulle wreek op hul vyande. (vgl. Josua 10. 11—13). Baie mense het dit tot dusver nog nooit die moeite werd geag om eers te dink aan die moontlikheid dat die son ooit kon stilstaan nie.

**Dr. Velikovsky aanvaar egter dat hierdie dinge wel plaasgevind het presies soos in die Bybel beskryf is, hy haal baie bewysstukke aan en bied 'n verklaring wat klaarblyklik die resultaat is van intensiewe navorsing.**

Aan die begin van sy boek noem Dr. Velikovsky 'n paar van die prestasies van die wetenskap, maar wys onmiddellik daarna op die talle groot vraagtekens waarteen ons nog stuit. . Daarna volg 'n kort oorsig van ons sonnestelsel en 'n bespreking van 'n paar van die teorieë omtrent die oorsprong daarvan. Na komete en hulle oorsprong word spesiaal verwys.

### Uitgangspunt.

**Dit uitgangspunt waarop die eerste helfte van die boek gebasseer is, kan as volg opgesom word: Venus (die aand- en môrester) het nie oorspronklik saam met die ander planete ontstaan nie. Dit was oorspronklik 'n komeet en as sulks sou dit dan kort voor die uittog uit Egipte so na aan die aarde gekom het, dat dit van sy baan geruk is en vir 'n tyd lank langs 'n baan beweeg het, wat dit nooit baie ver van dit aarde gevoer het nie.**

Dat die nabyheid van 'n komeet, byna so groot as die aarde self, 'n uitwerking sal hê op ons planeet, sal almal geredelik toegee. Dr. Velikovsky hou hierdie komeet verantwoordelik vir baie van die wonders in die Ou Testament. Die eerste van die tien plae (verandering van water in bloed) word verklaar as die gevolg van rooi materiaal (metaal-

(Vervolg bls. 3, kol. 5).


**I. GLASER**

Kerkstraat 83.

Die beste vir

OMEGA - HORLOSIES EN VERLOOFRINGE

Diens en Waarde is ons Leuse.

Foon 218. Bus 248.

POTCHEFSTROOM.


Hemelbesem Wolkekrapper Langjan Visser, vroeër die gewilde Stalbesem van die Koeistalle, het sy amp as stalbesem neergelê. Die baie suur het glo sy reguit, blonde krulle te veel geskaad. Hy begeef hom nou in 'n meer verhewe sfeer, nl. die stratosfeer.

* * *

Ou Moonshine of te wel ou Shine Pretorius het bo van Heimat se balkon gespring vir 2/-. Die landing was sodanig dat dit geen inbreuk op sy spykerologiese aktiwiteite of tewel die „non stop entertainment" gemaak het nie.

* * *

Klein dingetjies toon wat jou siel kan deer,

Verklaar die diepte van jou selfbeheer.

* * *

Daar is net een man op die Universiteit wat 'n spook kan vang en dit is **Blackie**. Kruger. Die spook kan hom nie sien nie.

* * *

Soos 'n vreemde geluid in die duister.

Onverstaanbaar is sy.

* * *

Berig word dat die Witkoppie of te wel Ligtehelmpie van Gathlandia besig is om weer die spykerskoene aan te trek. Hy weet nog net nie om wie die wedloop sal gaan nie. Die dames moet maar versigtig wees.

* * *

The moving finger writes, and, having writ,
Moves on: nor all thy Piety nor Wit
Shall lure it back to cancel half a line,
Nor all thy tears wash out a word of it.

—(Omar Kayyam).

* * *

Net wie nooit wil styg kan moeilik immer val,—(Toon v.d. Heever.

## *P.U. STATISTIEK (BENADERD).*

**WONDERBAARLIKE UITBREIDING OP ALLE TERREINE.**

| Jaartal. | Studente. | Bankies. |
|---|---|---|
| 1920 | 200 | 20 |
| 1930 | 400 | 17 |
| 1940 | 600 | 15 |
| 1951 | 800 | 12 |
| 1960 | 1600 | ? |

Gedruk vir die Uitgewers deur Die Westelike Stem, Potchefstroom.

# Die Wapad.

8 JUNIE 1951.

*Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.*





REDAKSIE.

**Hoofredakteur:** J. P. COETZEE.

**Adm. Voorsitter:** F. BOTHMA.

**Sub-Redakteurs:**
**Nuus:** C. J. MALAN.
**Kuns en Wetenskap:** J. H. BOOYENS.
**Sosiale Aangeleenthtde:** MEJ. B. KRUGER.
**Sport:** D. v.d. SPUY en MEJ. A. PRETORIUS.
**Varia:** W. J. J. VAN VUUREN.
**Fotografie:** F. BOTHA.
**Tegnies:** J. HERSELMAN en J. v. ROOY.



## WAAR LÊ DIE FOUT?

Dit is in die afgelope tyd 'n gedurige verskynsel dat daar by alle funksies 'n swak opkoms aangetref word. Sou die fout lê by die aard van die funksies wat daar vir ons gereël word, of by die organisasie van die funksies, of lê dit by die Studentemassa?

Allermins is dit hier die bedoeling om alle blaam op die massa te werp. Wanneer so 'n toestand as die huidige, hom voordoen, is dit nodig om alle kante van die saak te besien.

Wie is dit nou in die eerste plek van wie alle inisiatief moet uitgaan—sekerlik is dit, behalwe van die Studenteraad, die plig van elke student om alle ywer aan die dag te lê waar dit studente-aksies aanbetref.—Dit is egter die betrokke liggame wat vir die reëling van die studentelewe verantwoordelik is, wat daarop moet let dat hulle sal bied wat die studente behoefte aan het. Om dit te kan doen is dit nodig dat aan elke vereniging die reg verleen sal word om onbelemmerd op 'n natuurlike en lewendige wyse sy taak te verrig.

Wat kan nou 'n vereniging belemmer om lewendig en doeltreffend te funksioneer?—Sekerlik sal 'n doodse en onbelangstellende houding van elke lid van die massa belemmerend wees vir die goeie werking van die studentelewe. Dit is egter wanneer daar op 'n krampagtige wyse aan prosedure, soos dit op papier staan, geklem word, dat die grootste belemmering vir 'n lewendige studentelewe geskep word. Hoe kan 'n groep spontaan reageer wanneer alle inisiatief deur 'n ysterprosedure, soos in 'n diktatuur, met reglement en konstitusie as diktator, doodgedruk word? Hoe kan iets ontwikkel op sy eie besondere manier, as daar deur 'n ander, vantevore 'n reglement en konstitusie as diktator, doodgedruk word? Hoe kan iets ontwikkel op sy eie besondere manier, as daar deur 'n ander, vantevore 'n reglement vasgelê is waarvolgens dit moet groei, buig of bars?

Hier word nie losbandigheid bepleit nie, en hier word nie ten koste van die owerhede verskoning gemaak vir die belangeloosheid van die studentemassa nie, maar alleen die vryheid binne die konstitusie wat eie is aan elke lewendige verskynsel, sodat alle vitaliteit nie geoffer hoef te word op die altaar van prosedure nie. Mens sal tog nie 'n slingerplant uitskoffel omdat hy linksom die paal rank, terwyl jy wou gehad het hy moet regsom rank nie?

## Nabetragting van Vreugdedag

**Die beraamde opbrengs van die Vreugdedag is £143 10s. 0d., maar indien Mnr. Wollie Eloff, organiseerder van die Alabama-Studentorkes, daarin slaag om 'n oorgeblewe 700 „Pukkies" (nie Pukke nie!) aan die Rhodesiës te verkwansel, sal die bedrag na £178 10s. 0d. opgeskuif word.**

Hierdie feite is aan die lig gebring deur Mnr. J. Ligthelm, Voorsitter van die Vreugdedag-Hoofbestuur. Hy het verder verklaar dat hy „baie tevrede met die optog is" en dat die sierlikheid van al die vlotte tot gevolg gehad het dat waar die vorige jaar 'n eerste, tweede en derde prys toegeken, vanjaar drie eerste pryse toegeken is t.w. die **„treinvlot," die vlot met die hoofgebou op die Bybel met die taalmonument van Burgerskap op die agtergrond** en die vlot met die voorstelling: **„in U Lig."** Die **„ooievaar-vlot"** het ook kwaai meegedring om in aanmerking te kom.

Die volgende Vreugdedag vind weer op die gewone tyd plaas.

### *Korrespondensie.*

P.U. vir C.H.O..
19 April 1951.

Geagte Redakteur,

Ek dink dit is die algemene gevoel dat die Musiekvereniging ons Donderdagaand iets gebied het wat van blywende waarde is.

Waar ons egter verneem het dat dit die doel van hierdie vereniging is om musiekwaardering by die studente te help ontwikkel, is dit jammer dat daar nie meer verduideliking was, byvoorbeeld oor die aard van die kunslied, wanneer so'n lied gesing word. Sou die Musiekvereniging nie beter in sy doel slaag as hy hom meer toe-

(Vervolg in kolom 4).

# Versoek om P.U.-Kleure in Ere te Hou

## Kleurbaadjies en Kortbroeke in Gedrang

**Op hul jongste vergadering het die S.R. die bevindings van die kommissie vir die ondersoek na die dra van kleurbaadjies met kortbroeke met enkele wysigings eenparig aanvaar.**

Hierdie kommissie van ondersoek is deur die S.R. benoem ná sekere klagtes onder die aandag gekom het dat kleurbaadjies met kortbroeke 'n „ontering" van die P.U.-kleure was. Die besluite van die kommissie het die volgende behels:

1. Nougesette nakoming van gewone kleure-reëls.

2. Vermyding van enigiets wat onterend vir die kleure is soos:

a) Die dra van kleurbaadjies met kortbroek.

i) Op offisiële byeenkomste behalwe in offisiële sportdrag;

ii) in die dorp;

iii) op publieke plekke.

Hierdie besluite is, na vergneem word, met enkele wysigings goedgekeur deur die S.R.

## *Van S.R.-Weë*

### Waar was ons?

Dit is met spyt dat daar gemerk is dat die jaarlikse Konsentrasiekamp-kerkhofskoffel vanjaar van ons seniorstudente weining ondersteuning gehad het. **Wanneer spontane en individuele dissipline verloor is, sal dit vanself op alle terreine van ons studentelewe verlammend inwerk. Verbrokkeling en vervreemding sal intree . . . .**

Mag ons die opoffering van 'n uur studie, 'n halfuur slaap of koerantlees ons laat weerhou van 'n geringe huldebetuiging aan diegene wat ons die reg van trots op Afrikanerskap gegee het?

**Ons kan belangstelleing, vuur en inisiatief in ons studentelewe alleen op alle terreine bewaar, as een en almal die geleenthede aangryp waar ons die eenheidsgevoel op spontane wyse bou, saamgesnoer deur gemeenskaplike P.U.-Kaner bande.**

### Kleurbaadjies.

Die S.R. doen 'n beroep op studente om toe te sien dat die dra van 'n kleurbaadjie met waardigheid en oordeel geskied. Veral in die somer pas die kleurbaadjie seker gladnie by **'n kort kakiebroek** nie. Dit is ons offisiële kleure, en ons moet dit waardig dra.

B. SPOELSTRA (Voors.)

### *Korrespondensie*

#### VERKIESING VAN DIRIGENT.

Geagte Redakteur,

Na aanleiding van heelwat gesprekke en praatjies wat ek oral op die P.U.K. rond gehoor het en nog hoor, wil ek net graag die gedagte opper dat daar by die metode waarvolgens die Dirigent vir „Sing-Songs" aangewys word, tog iets skort, en ek wil aan die hand doen, nie 'n eis nie, maar die wenk dat die Dirigent, net soos die Studenteraadsvoorsitter, sekretarie en penningmeester, deur die massa gekies word, uit 'n tweetal wat deur die A.B.K.K. gestel kan word.

Dit is nou eenmaal so dat alle mense nooit tevrede sal wees nie, en oor 'n dirigent kan die studente soms warm redekawel, om hierdie moeilikhede grotendeels uit die weg te ruim, en boonop en die skwielers alle grond te ontneem, sal dit glo ek, die beste wees, om die dirigent te kies, pleks dat hy aangewys word.

Met agting,

die uwe,

„WAARE P.U.KAANDER."

(Vervolg van Kolom 5).

wees.

Verder maak Dr. Velikovsky aanhalings om te bewys dat die manna nie nèt in die omgewing waar die Israeliete hulle beweeg het, geval het nie, maar ook in ander lande bv. Finland en Ysland. Volgens die oorlewering van die verskillende ou volkere, was hierdit voedsel afkomstig van die vreemde hemelliggaam wat die aarde bedreig het—d.w.s. die komeet wat later tot die planeet Venus ontwikkel het. Dit is vandag bekend dat Venus se atmosfeer geen suurstof bevat nie, maar wel koolsuurgas en moontlik ook ander organiese stowwe soos koolwaterstowwe.

Die stilstand van die son tydens Josua se veldslag teen die Amoriete en die haelstene wat so baie Amoriete gedood het,

(Vervolg op bladsy 4, kolom 3).

(Vervolg van kolom 2).

spits op die verduideliking van die vertolking van die musiek nie?

Mag ek net weer ten slotte die Musiekvereniging se bestuur wat op hierdie nuwe blink gedagte gekom het, gelukwens met die nuwe rigting. Dit sal ons baie help.

Die uwe,

„MUSIEKLIEFHEBBER."

## SWAK BYWONING VAN LIEDJIES.

In 'n onderhoud met 'n verslaggewer van „Die Wapad" het die voorsitter van A.B.K.K., mnr. A. S. Smit sy besorgdheid uitgespreek oor die swak bywoning van liedjies. **„Die opkoms is sorgwekkend, die liedjies word baie swak gesing en die studente sal moet opdruk as hulle enigsins 'n indruk op Loftus Versfeldt wil maak.** Dit is geen A.B.K.K.- of S.R.-intervarsitie nie, maar 'n studente-intervarsitie," het hy verklaar en bygevoeg dat hy baie teleurgesteld is met die swak opkoms van die ou dames.

(Vervolg van bladsy 2, kolom 4).

oksiede?) wat op die aarde geval het en alle natuurlike waters rooi gekleur en ondrinkbaar gemaak het. Hierdie materiaal sou afkomstig wees van die komeet. Die skrywer maak baie aanhalings om aan te toon dat hierdie rooi materiaal nie net in Egipte geval het nie, maar in baie ander dele van die wêreld. Die sewende plaag (hael) is presies wat 'n mens kan verwag as 'n komeet so naby die aarde kom dat die aarde feitlik omhul word deur die stert van die komeet, nl. 'n reën van klein meteore. Dat die hael van die sewende plaag nie die gewone stukkies ys was wat ons vandag as hael ken nie, kan afgelei word uit Exodus 9: 23—24. Dr. Velikovsky verwys ook na ou geskrifte, waarin die hael wat in Egipte geval het beskryf word as „warm." Dit kan sover ons kennis strek net klein meteore wees.

Die negende plaag (duisternis) kan ook toegeskryf word aan so 'n komeet, wat bv. die as van die aarde kan laat wankel. Verder kan die as en stof afkomstig van stukkies van die komeet (wat natuurlik tot 'n mindere of meerdere mate geoksideer word in die atmosfeer) ook dit sonstrale uitsluit. Dr. Velikovsky maak weer gebruik van ou geskrifte om aan te toon dat die son destyds in ander lande, ver van Egipte, ook gladnie geskyn het nie, of gladnie ondergegaan het nie. (As die son vir drie dae aaneen skyn in die westelike halfrond, moet dit natuurlik in die oostelike halfrond gedurende dieselfde tyd nag wees).

Dit nabyheid van so 'n komeet kan in die oseane getye van buitengewone afmetings en atmosferiese verstorings soos baie sterk winde, ten gevolge hê. Samewerking tussen sulke abnormale getye en winde kan moontlik die tydelike drooglegging van 'n smal strokie see soos die Rooi See veroorsaak. In Exodus 14: 21—22 lees ons van 'n sterk oostewind wat die Here beskik het om die see te laat wegvloei om 'n deurgang vir die Israeliete te verskaf. Volgens hierdie verklaring het die gety en wind skynbaar verander net nadat die Israeliete deurgegaan het, sodat die water teruggevloei het en die Egiptitse leër verswelg het.

Tydens die omswerwinge in die woestyn sou daar baie ontvlambare materiaal uit die lug geval het. Hierdie materiaal word ook in verband gebring met die komeet, wat destyds die voortbestaan van die aarde bedreig het. Dr. Velikovsky verwys na etlike gevalle, behalwe in die woestyn van die omswerwinge, waar ontvlambare materiaal op die aarde geval en gebrand het. Die vuur waardeur Aäron se seuns gedood is en die vuur waarvan ons in Numeri 11: 1 en Numeri 16: 35 lees, kon van soortgelyke aard

(Vervolg in kolom 4).

# Geslaagde Uitstappie na Oberholzer-grotte

## Piekniek Rond Verrigtinge af

**Op 24 Mei het die A.S.B. 'n uitstappie na die grotte by Oberholzer gereël en daarna 'n piekniek by die Oog van die Mooirivier. Ongeveer 25 lede het aan die uitstappie deelgeneem.**

Dit het al 'n instelling geword dat die A.S.B. op hierdie dag 'n uitstappie na een of ander geskiedkundige plek onderneem om dit daarna met 'n piekniek af te sluit. Vroeg die oggende het die geselskap met Hitler se vragmotor vertrek en kon vanweë die opgestawelde eetgoed skaars sitplek kry. Die luggie was bytend maar die heerlike vooruitsig aan jaartse en jaartse van wors, mieliepap deur kok Blackie voorberei en die aanwesigheid van mooi meisies, het hulle die komberse hoër laat optrek en hulle basstemme met Alwyn se koloratuur laat paar.

Die geselskap het veilig by die grotte aangekom behalwe dat klein Fanie sy bene moes afhardloop om sy hoed in die hande te kry deurdat 'n paar takke langs die pad gemeen het dat dit sy hoof oneer aangedoen het.

Hitler het die geselskap deur die gange gelei. Op sommige plekke was die dak so laag dat hulle op hande en voete moes kruip en op ander plekke so hoog dat die flitsstraal skaars die einde kon aanwys. Tot groot onrus van die dames het geoloog Lieb telkens rotsblokke afgekap in sy soektog na goud, waar dan het Lieb opgemerk dat nog net 'n paar persone in die grotte dood is. Steve en Lucia wou kort-kort afdwaal om „rotsformasies te beskou” maar die gedagte aan die hangende vlermuise was 'n soogdier des aanstoots vir Steve.

### Veilig uitgekom.

Eindelik het die geselskap weer veilig by die grot uitgekom nadat Grobbies 'n paar maal vasgesit het en Harm met moeite uit die tonnels gekry is. Daarna is hulle Oog-toe waar almal hulle trommeldik geëet, vir 'n wyle na die meeslepende note van die vioolvirtuoos, Alwyn, geluister en daarna speletjies gaan speel het. Wat die skilpadtrek betref het v.d. Bank as oorwinnaar uit die kryt getree terwyl Steve se span die toutrek-louere gebuit het. Brinkie was skeidsregter.

Om halfvyf is die klomp, doodmoeg maar tevrede, weer terug.

---

## *Gathlandia in Beroering*

Die inwoners van die donker spelonk, Gathlandia, het op Donderdagaand, 29 Mei, in hulle duisendtalle opgeruk om „gekiek” te word. Groot was die teleurstelling toe die fotograaf om agtuur nie opgedaag het nie. By nadere ondersoek blyk dit dat die fotograaf eers 'n besoek by Kulu afgelê het en daar so vertraag is deur Evas wat hare nog gekam, neusies gepoeier en lippie rooigemaak het, dat hy nie sy bestelling kon nakom nie. Daar word berig dat om 9 uur 'n grommende geselskap die aftog geblaas en in die dieptes verdwyn het.

---

## DONASIES DEUR STAFLEDE.

Suggesties van staflede wat gewillig sou wees om donasies by te dra vir die verkryging van blaaie wat onder die studente versprei word soos bv. „Die Wapad” e.a., en ook vir die studentefondse waaruit geselligehede gereël word, sou, na ons verneem, voor die stafklub gekom het. Toe die S.R. hieroor genader is het hulle verklaar dat hulle die geselligehede altyd gratis vir staflede gegee het en geen finansiële steun van hulle kant verwag het nie, maar dat tot hulle spyt publikasies nie gratis aan staflede geskenk kan word nie deurdat die blaaie gewoonlik op 'n verlies werk.

### „DIE WAPAD”

Tot op hierdie tydstip het slegs 14 staflede op „Die Wapad” ingeteken. Ons meen dat 'n verdere uitbouing van hierdie gedagtes bevrugtend kan inwerk op die verhouding van die personeel en die studente en 'n uniforme beleid kan daarstel.

---

(Vervolg van bladsy 3, kolom 4).

word ook toegeskryf aan die komeet, wat die draaiïng van die aarde sou vertraag. As daar in Palestina 'n buitengewoon lang dag heers, moet daar in Amerika 'n buitengewoon lang nag heers. Dr. Velikovsky het getuienis dat dit wel die geval was.

### Ou Geskrifte.

Tot dusver is die komeet verantwoordelik gehou vir al die wondere. Dr. Velikovsky het egter ook sterk getuienis ingewin uit talle ou geskrifte van verskillende nasies en hy vind baie kleurryke beskrywings van die verskyning van so 'n hemelliggaam min of meer ten tyde van die uittog uit Egipte.

Soos ons almal weet oortref Venus die ander planete en seker al die sterre ver in helderheid. Nogtans is dit nie gemerk op sterrekaarte wat lank voor die uittog uit Egipte gemaak is nie, terwyl 'n baie dowwer planeet soos Mars wel op daardie ou kaarte aangedui is. Dit kan geoorloof te wees om aan te neem dat Venus nog nie as 'n planeet bestaan het toe daardie ou sterrekaarte opgestel is nie. Die ou sterrekundiges was goeie waarnemers en dit is ondenkbaar dat hulle die dowwe planeet Mars sou raaksien en die helder Venus nooit eers opgemerk nie. Op die kaarte wat heelwat later opgestel is, is Venus wel aangedui.

**Dr. Velikovsky vind ook aanduidings dat die aarde vroeër van oos na wes gedraai het en nie van wes na oos soos vandag die geval is nie.**

Dat komete soms sodanig beinvloed word deur planete se aantrekkingskrag, dat hulle vir 'n tyd lank naby die plantet langs hou, is al waargeneem. Lexell se komeet is bv. in 1767 „gevang” deur die planeet Jupiter en sy mane en dit het in dit nabyheid van hierdie planeet gebly tot 1779 toe dit weer kon voortgaan in die ruimte in. Die voorgestelde meganisme berus dus skynbaar gladnie op aanname van 'n onmoontlikheid nie.

Veral op grond van die oorlewering van verskillende ou volkere word dan gemeen dat Venus oorspronklik as 'n komeet naby die aarde gekom het en toe o.a. die genoemde verskynsels veroorsaak het. Toe die komeet uiteindelik wegkom van die aarde het dit as die planeet Venus om die son begin beweeg.

### Tweede Helfte.

In die tweede helfte van die boek word weer 'n verklaring aangebied vir 'n aantal wondere wat lank na die tyd van Jesus plaasgevind het.

Op die dag van Agas se begrafnis, gaan die son 'n paar uur vroeër onder as gewoonlik, 'n gebeurtenis wat in verskillende ou geskrifte beskryf is. Tydens die regering van Hiskia word Jerusalem beleër deur Sánherib, maar in een nag word 185,000 man van Sánherib se leër gedood sonder toedoen van mense. Dit skrik Sánherib so af dat hy die volgende môre terugtrek na Nineve sonder om 'n enkele pyl af te skiet in Jerusalem( (II Konings 19: 35—36). Omtrent die tyd het Hiskia dodelik siek geword, maar hy word gesond en die skaduwee gaan tien grade agteruit op Agas se sonnewyser (II Konings 20: 11). Die dag is dus in hierdit geval verleng en wel met 'n tyd ekwivalent aan tien grade op die genoemde sonnewyser. Ook hier bewys Dr. Velikovsky dat die dinge wel gebeur het en hy bied weer 'n verklaring daarvoor.

Toe Venus om die son begin beweeg het as 'n planeet, sou dit in so 'n verlengde elliptiese baan beweeg het, dat dit Mars kon beinvloed en Mars sou sodanig van sy baan gegooi geword het, dat dit weer 'n duidelike effek op die normale beweging van die aarde sou hê. Mars en Venus was twee van die gode van die ou volkere en Dr. Velikovsky maak die afleiding omtrent die „botsing” tussen hierdie twee planete uit die talle beskrywings van die geveg tussen die twee gode (Mars en Venus) soos die ou volke dit waargeneem het in die lugruim. So word die verkorting van die dag van Agas se begrafnis en die verlenging van die dag van Hiskia se genesing dan in verband met Mars gebring. Die dood van Sánherib se manskappe kan, volgens ou bronne aangehaal deur Dr. Velikovsky, miskien geïnterpreteer word as die gevolg van 'n groot elektriese ontlading. Sommige mense skryf dit egter toe aan 'n epidemie van builepes.

Dit is bekend dat in die bevrore moerasse van die noorde van Siberië karkasse van die prehistoriese olifantagtige dier, die mammoet, gevind is ,en dat die ekspedisie se honde nog die vleis kon eet, so min was die karkasse nog ontbind. Hierdie diere moes sedert hul dood nog altyd in die ys gelê het. Hierdie diersoort kon nie stadigaan uitgesterf het nie, maar moes deur 'n katastrofe oorval gewees het, want daar lê die karkasse vandag in die ys, sommige met die maag vol onverteerde of halfverteerde kos. Die mening word uitgesprtek dat die as van die aarde van posisie kon verander het onder die invloed van Mars, sodat die mammoete hulle skielik in 'n baie koue streek bevind, uitgevrek het en in die ys bly lê het.

**Hierdie is maar 'n paar onderwerpe wat in die tweede helfte van die boek behandel word. Daar word na talle ou geskrifte verwys wat as bewyse kan dien vir verskillende bewerings.**

### Moontlik Katastrofes.

**Teen die end van die boek gee Dr. Velikovsky 'n paar aanduidings wat uiteindelik met ons planeet kan gebeur: Katastrofes soortgelyk aan, of baie erger as die twee wat bespreek is, mag weer voorkom.**

Daar bestaan 'n moontlikheid dat twee planete mag bots—dit baan van Pluto kruis juis die van Neptunus! Die bane van Jupiter se mane kruis mekaar, en 'n botsing is nie heeltemaal uitgesluit nie. 'n Paar asttroïde (klein planeetagtige liggaampies) kruis selfs die baan van die aarde!

(Vervolg in kolom 1).

---

(Vervolg van kolom 5).

Dan is daar nog die moontlikheid van 'n komeet wat onverwags in ons kan vasloop.

Dr. Velikovsky vat ons vooruitsigte as volg saam: „A single day will see tht burial of all mankind. All that the long forbearance of fortune has produced, all that has been reared to eminence, all that is famous and all that is beautiful, great thrones, into one abyss, will be overthrown in one hour.”

—B.F.L.

---

Die S.R.-sekretaris is baie pligsgetrou en metodies. Elke aand vanaf kwart-voor-sewe tot halfagt skenk hy sy aandag aan die notule en korrespondensie in die S.R.-kantoortjie.

'n Pessimis is 'n man wat weier om 'n koei te melk uit vrees dat die melk suur mag wees.

TOETS JOU OË
by
M. SINGER
F.S.M.C., F.B.D.A. (Londen)
OOGARTS
by die
MOOIRIVIER APTEEK
KERKSTRAAT 155,
Foon 380 POTCHEFSTROOM.



# Pukke Seevier teen Blyvoor

## P.U. Lewer Skitterende Spel

### Normaal Verhang Egter Bordjies

**In 'n wedstryd waarin puik agterlynbewegings en voorspelerspel aan die orde van die dag was, het Theos op Saterdag 26 Mei, daarin geslaag om Blyvooruitzicht met 19 punte teen 5 kaf te draf.**

**Verlede Saterdag is die bordjies egter verhang toe Normaal die Pukke met 11—3 oorrompel het. Hulle het baie vasberade gespeel en die oorwinning verdien.**

Teen Blyvoor het P.U. in die begin ook swaar geleef, maar gou reggeruk toe Visser hulle op die aanval plaas met goedgemikte lynskoppe.

**Eerste punte.**

Platbos het die eerste punte aangeteken toe 'n maklike strafskop aan P.U. toegeken is.

Mooi voetbal is nou gesien en Tribelhorn, Blyvoor se losskakel, het hier veral die oog gevang. Toe die Puk-agterlyn weer beweeg, het Fires mooi getrek en na Brink uitgegee wat dwarsgeskop het. Onkantspel het die beweging egter verlore laat gaan.

**Fires deur.**

**Met die volgende agterlynbeweging skiet Fires dwarsdeur 'n gaping, flous 'n klomp teenstanders en druk 'n pragdrie langs die pale. Platbos vervyf. (8—0).**

**Die spel word nou meer tot die voorspelers beperk en hier blink Hippert, Hoppie en Prinsloo veral uit. Dit lei dan weer tot die volgende drie wat Piet druk nadat hy eers 'n teenstander in die lug laat gryp het. (11—0).**

**Blyvoor se punte.**

Na rustyd het Blyvoor hulle enigste punte aangeteken toe 'n voorspeler-stormloop op 'n drie uitgeloop het, wat deur Bothma vervyf is (11—5).

**Weer so.**

Fires druk weer 'n skitterende drie langs die pale na een van sy tipiese breekslae en Platbos vervyf (16—5). Toe Piet kort hierna 'n mislukte strafskop van Blyvoor voor P.U. se pale vang, was daar weer moeilikheid. Hy sit 'n beweging op tou wat uitloop op 'n lieflike drie deur Hoppie, nadat die bal verskeie kere rondgeslinger is.

**Blyvoor se senter het kort voor die einde los deurgebreek, maar is kort voor die doellyn op magnifieke wyse deur Visser platgetrek. Eindtelling 19—5.**

**Normaal.**

P.O.K. het die Pukke goed opgedreun. Hulle was uit die staanspoor uit op die aanval met hulle beweeglike voorspelers en 'n agterlyn wat blitsig afgestuur is deur Britz. Hulle verdediging was ook dodelik en deurkomkans was min.

**Nadat „Van" so amper-amper met 'n skepskop geslaag het, het Hoppie van 'n lynstaan weggebreek vir 'n puik drietjie om P.U. met rustyd 3—0 te laat voorloop.**

Die spel het na rustyd saai begin raak. Die Pukke se voorspelers het slordig begin speel en mekaar nie ondersteun nie. Prinsloo was hier egter altyd 'n ligpunt.

Met Fires van die veld, het P.O.K. nou duidelik die oorhand gekry. Le Grange en Claassen het onderskeidelik eers met 'n skep- en strafskop gefaal. Toe Claassen egter kort hierna 'n strafskop in punte omsit en Van Aardt 'n mooi drie druk na 'n dribbelloop, was die gort gaar. Claassen het vervyf en Normaal het 8—3 voorgeloop.

**Toe Le Grange hierna onderskep en Normaal weer op die aanval plaas, was die Pukke se blus uit. Visser verdien egter alle lof vir die wyse waarop hy onder druk vertoon het.**

Du Plooy het nou 'n vinnige drietjie aangeteken om Normaal verder te laat voorloop en P.U. uiteindelik met 11—3 te wen.

Van die ander P.U. spanne kon net die Navy wen, terwyl die 3A, 3B en 3C moes afstap met die tellings in P.O.K. se guns.

# HOKKIE SPELERS PRESTEER

Vier lede van die eerste mans-hokkiespan van die Universiteit is gekies om in 'n gekombineerde Potchefstroomse span op 31 Mei op Krugersdorp teen 'n gekombineerde span van Wes-Rand te speel.

Volgens 'n mededeling van mnr. Peet de Wet, P.U. Hokkiekaptein, het vier van sy span daarin geslaag om plek te kry in 'n gekombineerde Potchefstroomse span, nl. Frans Buys (doelwagter), Hennie de Wet (regtervleuel), ds. Loots (linkervleuel), en Peet de Wet (skakel).

**GARNISOEN UITGESLUIT.**

Vanweë die feit dat die soldate op die 31e Mei parade hou, kan daar ongelukkig nie van Garnisoen spelers deelneem nie. Dit is jammer, want in hierdie span is van Wes-Transvaal se puikste spelers, wat nou nie sal kan speel nie.

**PUKKE VERGELYK GOED.**

Op 'n vraag het mnr. de Wet verklaar dat die spelers van die P.U. goed vergelyk met die res van die span. Daar behoort, na sy mening, nog twee studente meer plekke te gekry het, nl. Steve van der Merwe en Piet van Wyk, maar ongelukkig is hulle hierdie keer nie ingesluit nie, maar wie weet, as die Wes-Randse spanne in Julie op Potchefstroom kom speel, dan maak dalk die hele P.U.-span die hiet!

# Hys die Vaandel.

**ANHISTORIKUS.**
**IV. MUITERY.**

Daar is 'n spreekwoord wat sê dat dit nooit reën nie of die binneruim van die skip reën ook nat. Toe die moeilikhede op die Gathlandia kom, toe kom hulle met 'n vaart. Maar, aan moeilikhede kom ook 'n end anders sou ons verhaal net hier opgehou het.

Kaptein Platbosius het die dinge al lank verwag. Nie omdat hy 'n sienersoog het nie, maar omdat hy net so goed as ek weet dat daar in elke verhaal op elke skip wat na 'n skat soek 'n muitery plaasvind. Maar, tipies van 'n romanheld, het hy hom daar nie op voorberei nie.

Op die oomblik is hy in sy kajuit besig om 'n baie lang verwagte en aangename briefie te lees. Dit kom van 'n Sofaanse meidjie uit Petrograd; maar hy sukkel om te konsentreer. Sy hande bewe nog as hy dink hoe die matrosies geweier het om die pos onder die posklip by die Noorderbrug van Gabomostata te gaan haal. Edele offisiere moes dit toe maar doen. Woede styg in hom op en sy krom beentjies swaai onnodig vinnig oor die kante van die hangmat.

Nou lê hulle ook alweer daelank stil hier in die oop see teenoor die baai van Monomotapa, en hulle kry geen teken van die verspieders nie. Op die skip gebeur niks. Die offisiere is onrustig maar doen niks. Die matrosies doen ook niks, maar dit is duidelik dat daar iets onder hulle broei.

Toestande raak kritiek want een na die ander geval van skeurbuik kom al voor. Die matrose kla dat hulle nie die vrot soutvleis meer kan eet nie . . . en hy moet erken dat hy dit self ook maar met lang tande afwurg.

Die varswatervoorraad raak skaars, en dit is of die water al 'n klankie begin kry. Die groente is gedaan. Alles is net geelkos, papgekookte geelwortels en vermufte pampoen. Weens al die swak oorskiet wat oorbly lewer ou Shellina, die skeepskoei, ook nie meer haar kwota melk nie.

Om alles te kroon is Pottie Loodgieter, die kok, nog saam met die spioene weg land toe!

Op 'n kajuitraad is toe besluit om maar vir Flaffie Humanos van koskorporaal tot vleiskontroleur te verhef en die vet oudjie wat van die Shangania oorgebly het, aan te stel as kok. Dit is Doppie Pik.

So hoop die moeilikhede op.

In die begin het Doppie sy bes probeer om die beste van die swak voorraad te maak, maar weldra het die ontevredenheid weer begin. Een aand wou hulle nie eet nie. Iemand sou glo gesien het hoe Doppie van die soutvleis frikkadelle maak. Hy sou dan die vleis met die nodige kruie in 'n vat gooi en dan vir Kaljas, die moor, beveel om dit met sy voete te meng soos mens 'n wynvat trap.

Die saak is ondersoek; Doppie tydelik afgesit en om almal te kalmeer is die skat weer as 'n rat voor hulle oë gedraai.

Moedeloos plof hy uit die mat toe die eteklok lui en besluit haastig om vanaand weer 'n kajuitraad te belê waarop hierdie situasie weer deeglik bespreek sal word.

By die deur keer Lammie Vervelen, die tydelike hulpinginieur hom voor.

„Kaptein, Espé is gedaan. Hy is so uit soos 'n vlakvark wat aapstuipe gekry het."

„Nou wat is dit man, wat is dit?"

„Woutjie het hom gevra om in sy afwesigheid die lekwatertjies uit die skeepsruim te pomp met daai sterk Bosprofman-pomp. Toe druk 'n matroos die bek van die pyp toe en Espé pomp en pomp. Al hoe swaarder . . . totdat hy neerslaan. Borrie Bil sê daar het 'n aar in sy kop gebars en sy „fuse" is uit.

„Nou gaan kyk maar dat hy versorg word . . . . ê . . . . is die pomp nie ook stukkend nie?"

„Ja kaptein."

„Die verpootste belhamels. Ek sal sorg dat die saak ondersoek word!"

Nou begin hy te kook. In die eetlokaal kyk hy nie links of regs nie. Hy is galbitter oor hierdie toestand van sake. Hy merk nooit dat Flaffie Humanos, Fabbie Thaboth en Loutjie van Dam wat bedien somdat die matrose geweier het, nou al hoe stadiger bedien nie. Later bly hulle glad weg want hulle voel ook al dat dit 'n verspilling van energie is om hierdie ou ryswatertjies en dun roosterkoekies te bedien. Skielik begin daar net klokke lui en as uit een mond skreeu die matrose: „Kos!" „Kos!"

Die offisiere skrik. Doppie nael soos volstruiskuiken na beter skuiling, maar die ander offisiere staan kalm saam met die Kaptein op en volg hom na buite. Reguit na sy kajuit toe!

„Blaasbesies" open hy die vergadering „dis een van die triek.. kriek ...kritiekste vergaderings wat ons nog gehou het" . . . Maar hier smoor 'n stem van buite hom.

„Kapteintjie! Jy en jou offisiertjies moet besef dat ons nou baas is. Julle het ons mos slegte kos gegee! Julle het ons swak bedien en hard laat werk. Een vir een van ons het aan skeerbuik gesterf en as iemand sy mond oopmaak word hy gekielkaal! Matrosies nê! Nou sal ons sien wie is baas!

„So pas het die rooktekens van die land opgestyg en ons wil die baai binnevaar om die skat te (Vervolg op bladsy 6, kolom 1).

# Nuwe Pragtrofee in Thabajäh

**Op die onlangse jukskeitoernooi op Parys het die P.U.-spanne die mooi trofee vir die laer wat die meeste punte kon insamel, verower.**

Die jukskei-spanne van die P.U.-laer was in die verlede nog altyd in staat om met eer uit die stryd te tree, en vanjaar was dan ook geen uitsondering op die reël nie. Die mans- en damespanne het die nuwe trofee met trots by die versameling in Piet Groblerhuis gevoeg. Die mans het glo maar daar genoeë mee geneem dat die trofee sy eerste rusplek in die Berg van die Skones sal vind.


NATUURLIK-GOLWENDE HARE

gee u natuurlike skoonheid!

MEJ. R. GLAESER

*Dames Skoonheidsalon*

Kerkstraat 157. Foon 366.

PRESIDENT KAFEE

Kerkstraat 70.

• • •

vir die Beste

LIGTE ETES

en

VERVERSINGS.

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES

TX MODISTE

Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!

Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke

Cardigans, Oortrekkers, Bolero's, Jerkins en Angora-drag.

*,Lottie' en Paryse Hoede*

BULT GARAGE

(Edms.) Bpk.

Tomstraat 55, Potchefstroom. Foon 952.

Fietse, Flitse, Onderdele, ens. verkrygbaar. M.a.w.

'N FIETSAFDELING VIR STUDENTE.

Reparasies van enige aard.

VRY LUG-VOORSIENING.

Ondersteun 'n Afrikaanse saak.

PARKER & CO.

(Pty.) Ltd.

GENERAL HARDWARE MERCHANTS

Phone 30, Potchefstroom. Box 245.

Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.

Workmanship Guaranteed!

Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.

# INTERVARSITY --- REELINGS VLOT

## Spesiale Trein na Pretoria

**Die S.S.B. het, na verneem word, verlede Saterdag die finale reëlings met die Spoorweë getref vir 'n spesiale trein na Pretoria, wanneer die intervarsity teen U.P. op 23 Junie plaasvind.**

Die S.S.B. het weer, soos in die verlede, met die S.A.S. gereël vir 'n spesiale trein waarmee spelers en toeskouers na en van Pretoria vervoer sal word, het Mnr. Peet de Wet, sekretaris van die S.S.B. verklaar.

### Meer Toeskouers.


Daar het vanjaar heelwat meer persone aansoek gedoen om plek te kry as toeskouers, as wat in die verlede die geval was. Hieruit moet afgelei word dat na die intervarsity teen Tukkies met belangstelling uitgesien word, ten spyte daarvan dat die byeenkoms so laat in die jaar plaasvind.

### Reiskoste.

Na mnr. de Wet verklaar het, sal die reiskoste 10% hoër wees as in die verlede, asgevolg van die styging in Spoorwegtariewe. Dit sal vir toeskouers 15/- kos om met die trein te ry—'n gewone retoerkaartjie kos £2 5s.

### Spelers.

Daar sal allestesaam ongeveer 145 spelers na U.P. optrek. Die Tennisspanne hoop om Vrydagmiddag die 22e al te kan klaarspeel. Die eerste voetbalspan sal per motor na Pretoria vertrek.



(Vervolg van bladsy 5, kolom 4).

kry. Alles sal gou gereed wees. Die skip is nou ons s'n en julle is vasgekeer. Ons wil net die plan van die bêreplek van die skat hê. Die het julle, maar julle is in ons mag. Binne vyf minute sal julle dit uitlewer. Matrosies nê!”

Die offisiere se posisie is baie benard. Die dood wag hulle as hulle by die deur of venster probeer uitvlug. Daar is net een redding vir hulle en dit is om die matrose te laat verstaan dat almal nie saam in die kajuit vasgekeer is nie.

Kierrie Koerant besef dit. Gelukkig is hy 'n man wat kan buikspreek as hy net 'n leidraad het. Daarvan gaan hy nou gebruik maak. Hy gaan leun met sy mond teen die muur, en met die muur as leidraad praat hy in Wyntand se kajuit aan die onderent van die skip.

„Matrose!” roep hy en toe hulle verbaas omspring, spring die res van die offisiere by die deur uit sonder enige ongeval. Met swaard in die hand en rug teen die muur neem hulle nou 'n agressiewe houding aan. (Gelukkig vir die skrywer was buskruit en pistole toe nog nie uitgevind nie). Maar Wyntand vererg hom nou: „Hierdie goed moet net reggevoeter word!”

Hy smyt sy swaard neer en briesend en blootsvuis na die naaste matroos, die voorbok.

„Wies jy jong!!!? En wat dink jy is jy om die offisiere so te bedreig? Hê? Kan jy my nie antwoord nie?”” Die matroos skrik hom wit en laat somaar al sy swaarde en messe val. Die ander deins ook verskrik terug. Wyntand het hom nou aan die bors beet en die ander offisiere volg sy voorbeeld.

Baie gou is die matrosies totaal ontwapen. Hulle hoogmoed gebreek en is hulle die ene gediensstigheid. Dis net „ja Kaptein” en „ja Korporaal” en „ja Meneer” en nooit, nooit „nee” nie!

Die Kaptein laat nou die bevel t.o.v. die matrosies aan Wyntand oor. Baie gou organiseer hy hulle in 'n reguit linie en weerklink dit van end tot end: „ses-en-sestig . . sewe-en-sestig . . . agt-en-ses tig . . . ” en hulle tiekie-wawiel van pure benoudheid. Dan, terwyl hulle aandagtig luister, lees die Eerste Offisier aan hulle die leviete voor.

Nog nooit was die sotte matrosie so sleg gesê nie. So groen soos die glibberige seegras het hulle gevoel en vrotter as die sout skeerbuikvleis.

Eindelik kom die bevel:: Linkswend! Voorwaarts mars! Dan weer roep Wyntand met 'n boos gesig maar 'n springende adamsappel: „halt!”

Een vir een matroos word nou aangekeer, en tou om sy nek gesit en terwyl Jan Báchius die droewige „Home, Sweet Home” dirigeer, sadig afgevoer na die donker binneruim. Daar waar gou 'n Hadiese hof, bygestaan deur die Poeg-ô, voorberei is om elke matroos se saak deeglik te ondersoek en deeglik te straf.

Duidelik word die woorde van Jan Bachius se „simfonica drelli” nou hoorbaar:

**Bloed in die water**
**en bloed in die laan!**
**Wie is dit wat so skuldig**
**daar staan?**
**Verwyder van mater**
**en getik met die maan!**
**Uitvaagsels wat so skuldig**
**daar staan.**

Oor die verdere verloop van die verhoor sal ons nou maar 'n gordyn laat sak.

N.B.—Alle persone in hierdie verhaal bly denkbeeldig!

**FINIS.**

# 'N STOORI.

Daar was een maal 'n baing jong preedikant gewees. Hiirdii preedikant was ook 'n baing goeie man gewees. Dit was net soo jammer dat hij een swakhtit by hom gehad het, nl. hy het so vreeselik baing van twee noiens gehou.

Nou wil julle seekir weet die naam van dii preedikant. Dit sal ek virtel, ofskoon ek vrees hy leewe nog. Sy naam was ds. Jan Booyens. 'n Baing leelike naam, maar onthou dit was nie ds. Booyens se eie skuld nie.

Hiirdii preedikant was 'n baing mooie man, al was sy naam so leelik. Soos ek kan onthou het hy al die tyd in sy studeer stoel gesit en stooriis lees in die skurfte boek wat hy gehad het. Hy het baing graag in sy skurfte boek gelees.

Nou sal julle seekir wondir waarom ds. Booyens so dikwils in sy skurfte boek gfflees het. Dit sal ek ook vir julle virtel, ofskoon ek vrees hy leewe nog. Soos ek reeds geseg het, was dit die preedikant se swakheit om twee noiens te bemin. Al maar deur het die visioene van dii twee noiens voor sy geestes oog opgeduik, en dan was dit vir ds. Booyens baing swaar. Viral omdat nii een van dii twee noiens eigelik veel van hom gehou het nii. Dit was dus om dii twee noens te virgeet, dat hy so gedurig in sy skurfte boek allerhande skurfte storiis gelees het.

Dii preedikant was ook baing, baing slordig. Al sy besittinge het al maar deur in sy studeer kamer rond geleg. Miskien was dit nog dii reede waarom die twee noiens nie van hom gehou het nii.

Soo ja, nou het ek aan julle die leewens giskiidinis van ds. Booyens virtel, ofskoon ek vrees hy leewe nog.

# TENNIS

Die Manstennisspan van P.U. het Saterdag in 'n harde vriendskaplike wedstryd teen Eureka verloor met 5 wedstryde teen 4. Die P.U.-span toon groot verbetering op verlede jaar, en as hulle nou net nie tevrede gaan voel nie, kan hulle dit nog ver bring.

Die dames gaan volgende week 'n vriendskaplike wedstryd teen Park speel. Hoe meer wedstryde die spanne speel, des te beter sal hulle spel word. Dié baie wedstryde is 'n nuwigheid vir hulle.


BENODIG
Musiekonderwyser(es):

Klavier, vol gekwalifiseer, sang en orrel sterk aanbeveling.
Diens aanvaar Januarie 1952.
Goeie salaris.
Baie aangename plattelandse dorp digby Pretoria en Johannesburg.

Besonderhede:
**Dr. OPPERMAN,**
**Brits, Transvaal.**

**KOM SIEN ONS—**
vir u
Fotografiese- en
Aptekersbenodigdhede
GEEN & VELLEMAN,
**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

**J. N. J. Kritzinger**
FOTOGRAAF
ROYAL HOTEL-GEBOU,
**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**
**Potchefstroom.**
**AS U 'N FOTO WIL SKENK**
kyk dan
**EERS NA ONS FOTO'S**
(in ons Ateljee, of by tevrede P.U.Kaners).

**PUKKE is altyd hartlik welkom by**
UNIEWINKELS
as hulle in Johannesburg is.
Ons voorsien reeds die VOETBALTRUIE en KOUSE.
Binnekort maak ons 'n belangrike aankondiging i.v.m. die **KLEURBAADJIES.**
**UNIEWINKELS, BPK.**
Johannesburg.
**Kerkstraat 45. Foon 22-4746.**

*Studente Vriende,*
WEET U DAT
**Die Firma J. H. DE BUSSY**
**Maritime-gebou, Posbus 460.**
**Pretoriusstraat 153, Foon 22-014.**
PRETORIA
die grootste voorraad tweedehandse boeke het op
TEOLOGIES EN WYSGERIG TERREIN?
Ons vestig spesiaal u aandag op die volgende boeke wat uit voorraad gelewer kan word:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Dr. A. Kuyper:** Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 3 dele kompleet .... .... | £3 | 15 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** Pro Rege. 3 dele kompleet .... .... | 2 | 10 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** E. Voto Dordraceno. 4 dele kompleet .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 4 | 2 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** De Engelen Gods .... .... .... .... | | 15 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** Het beeld Gods .... .... .... .... .... | | 13 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** Van de Voleinding. 4 dele kompleet .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 1 | 12 | 6 |
| **Dr. A. Kuyper:** Onze Eeredienst .... .... .... .... | 2 | 10 | 0 |
| **Dr. A. Kuyper:** De Gemene gratie. 3 dele kompl. | 3 | 0 | 0 |
| **J. C. Sikkel:** Het boek der Geboorten. Genesis | 2 | 10 | 0 |
| **J. C. Sikkel:** Onder de vleugelen des Heeren .... | | 3 | 9 |
| **J. C. Sikkel:** Dienst des woords .... .... .... .... .... | | 3 | 9 |
| **Dr. B. Wielenga:** Van Jeruzalem naar Rome. 3 dele .... .... .... .... .... .... .... .... .... .... | 3 | 0 | 0 |
| **Ds. G. Wielenga:** Paulus in zijn leven en werken | | 14 | 6 |
| **Prof. P. Biesterveld:** Van Bethanië naar Golgotha .... .... .... .... .... .... .... .... .... | | 11 | 9 |
| **Prof. Dr. K. Schilder:** Christus en Cultuur .... | | 10 | 6 |
| **Christelyke** Encyclopaedie. 6 dele kompleet .... | 11 | 10 | 0 |
| **Dr. H. Dooyeweerd:** De wijsbegeerte der wetsidee. 3 dele kompleet. Baie seldsaam | 5 | 10 | 0 |

Vra ons Katalogus van Nuwe en Tweedehandse Boeke.